
Die
EFESIËRS 6:10-20



# hanteer ons vrees?

BESKERMINGSMEGANISMES

- Vermy dit
- Nie alleen nie
- Maak ons eie feite op
- Bygelowe


Die
EFESIËRS 6:10-20

10 Verder nog dit: Soek julle krag in die Here en in sy
groot mag. 11 Trek die volle wapenrusting aan wat God
julle gee, sodat julle op julle pos kan bly ondanks die
listige aanslae van die duiwel. 12 Ons stryd is nie teen
vlees en bloed nie, maar teen elke mag en gesag, teen
elke gees wat heers oor hierdie sondige wêreld, teen
elke bose gees in die lug. 13 Trek daarom die volle
wapenrusting aan wat God julle gee, sodat julle
weerstand kan bied in die dag van onheil en, nadat julle
die stryd tot die einde toe gevoer het, nog op julle pos
kan bly staan.

*Efesiërs 6:10-20*

14 Bly dan op julle pos, toegerus met die waarheid as
gordel om julle heupe, die vryspraak deur God as
borsharnas, 15 en die bereidheid om die evangelie van
vrede te verkondig as skoene aan die voete. 16 Daarby
moet julle altyd geloof as skild in die hand hê, want
daarmee sal julle al die brandpyle van die Bose kan
afweer. 17 Sit verlossing as helm op en vat die swaard
van die Gees, dit is die woord van God.

Efesiërs 6:10-20

18 Doen dit alles biddend en smeek God by elke
geleentheid deur die Gees. Wees waaksaam en bid
gedurig vir al die gelowiges. 19 Bid ook vir my dat
wanneer ek preek, God my die woorde gee dat ek
die geheimenis van die evangelie met vrymoedigheid
kan bekend maak. 20 Ter wille van hierdie evangelie is
ek ’n gesant in boeie. Bid dat ek dit met
vrymoedigheid kan verkondig soos dit my opgelê is.

Efesiërs 6:10-20



# Die Christen se

- Dit kom van God af

Soek julle krag in die Here en in sy
groot mag. [11]Trek die volle wapenrusting
aan wat God julle gee… [13]Trek daarom
die volle wapenrusting aan wat God
julle gee,



# Die Christen se

- Dit kom van God af
- Nie teen vlees en bloed nie

12 Ons stryd is nie teen vlees en bloed
nie, maar teen elke mag en gesag,
teen elke gees wat heers oor hierdie
sondige wêreld, teen elke bose gees in
die lug.



# Die Christen se

- Dit kom van God af
- Nie teen vlees en bloed nie
- Om op jou pos te kan bly

sodat julle op julle pos kan bly ondanks die listige aanslae van die duiwel… weerstand kan bied in die dag van onheil en, nadat julle die stryd tot die einde toe gevoer het, nog op julle pos kan bly staan.

# Die

- Waarheid

## Jesus IS die Waarheid

6 Jesus het vir hom gesê: "Ek is die weg
en die waarheid en die lewe. Niemand
kom na die Vader toe behalwe deur
My nie."



# *Die*

- Waarheid
- Vryspraak

# Sy Genade is GENOEG

*3:21-24*

21 Maar nou het die vryspraak deur God waarvan die wet en die profete
getuig, in werking getree. Dit is die vryspraak wat nie verkry word deur
die wet te onderhou nie, 22 maar deur in Jesus Christus te glo. God gee
dit sonder onderskeid aan almal wat glo. 23 Almal het gesondig, en het
nie deel aan die heerlikheid van God nie, 24 maar hulle word, sonder dat
hulle dit verdien, op grond van sy genade vrygespreek vanweë die
verlossing deur Jesus Christus.



# Die

- Waarheid
- Verkondig
- Vryspraak

Moenie dit vir jouself hou nie!



1:8

8 Maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige
Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees in
Jerusalem sowel as in die hele Judea en in Samaria
en tot in die uithoeke van die wêreld.

# Die

- Waarheid
- Verkondig
- Vryspraak
- Geloof

## Gered omdat jy in HOM glo

*Efesiërs 2:8*

8 Julle is inderdaad uit genade gered, deur
geloof. Hierdie redding kom nie uit julleself
nie; dit is 'n gawe van God.



# Die

- Waarheid
- Verkondig
- Verlossing
- Vryspraak
- Geloof

## HY verlos ons van sonde



*Efesiërs 1:6-7*

6Daarom moet ons God prys vir sy wonderlike genade wat Hy
in die Geliefde vrylik aan ons geskenk het.
7Deur die bloed van
sy Seun is ons verlos en is ons oortredinge vergewe kragtens
die ryke genade van God

# Die

- Waarheid
- Verkondig
- Verlossing
- Vryspraak
- Geloof
- Woord

KEN Sy Lewende Woord

4:12

12 Die woord van God is lewend en kragtig. Dit is skerper as enige swaard met twee snykante en dring deur selfs tot die skeiding van siel en gees en van gewrigte en murg. Dit beoordeel die bedoelings en gedagtes van die hart.





# Doen dit alles biddend

TOTAAL afhanklik van God!

Bid vir:

- Al die gelowiges
- Hulle wat preek
- Die wat vervolg word
- Vrymoedigheid om te verkondig

# Gelykvormig aan

29 Dié wat Hy lank tevore verkies het, het Hy ook
bestem om gelykvormig te wees aan die beeld van sy
Seun, sodat sy Seun baie broers kan hê van wie Hy
die Eerste is. 30 Dié wat Hy daartoe bestem het, het
Hy ook geroep. En dié wat Hy geroep het, het Hy
ook vrygespreek. En dié wat Hy vrygespreek het, het
Hy ook verheerlik.

*Romeine 8:29-30*

# Gelykvormig aan

23Toe Hy beledig is,het Hy nie terug beledig nie, toe
Hy gely het, het Hy nie gedreig nie,maar alles
oorgelaataan Hom wat regverdig oordeel. 24Hy het
self ons sondes in sy liggaam aan die kruis gedra.
Daardeur is ons vir die sondes dood en kan ons lewe
in gehoorsaamheid aan die wil van God. Deur sy
wonde is julle genees.

1 Petrus 2:23-34


Die
EFESIËRS 6:10-20

*bang wees nie*

15Die Gees wat aan julle gegee is, maak julle nie
tot slawe nie en laat julle nie weer in vrees lewe
nie; nee, julle het die Gees ontvang wat julle tot
kinders van God maak en wat ons tot God laat
roep: "Abba!" Dit beteken Vader.

*Romeine 8:15*

*bang wees nie*

7 Die Gees wat God ons gegee het, maak
ons immers nie lafhartig nie, maar vul ons
met krag en liefde en selfbeheersing.

*2 Timoteus 1:7*


Die
EFESIËRS 6:10-20